# Liturgiese Riglyne

**<u>S O N D A G O G G E N D 08:00 EN 09:30</u>**

## Die Here Jesus gee waarlik om vir sy kinders se swaarkry

**<u>Skriflesing</u>:**
Openbaring 14 (ook 11-13)
Hand 7:55
Jes 3:13
Psalm 82

**<u>Teksvers</u>**:
Openbaring 14:1

**<u>Sing</u>**:
Ps 16-1:3,4,5
Ps 32:1,6
Sb 16-1:1-3
Ps 59:1,2,3,10
Ps 121:1-4

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

In die bose dae van hierdie wêreld moet die kerk sy doel en taak steeds voluit uitleef, naamlik om God te aanbid en goeie getuies vir Hom te wees.

Die wêreld maak dit egter nie makliker nie en bring dit hartseer en swaarkry en lyding vir die kerk van die Here.

Die voorgestelde PEPUDA-wetgewing gaan dinge onder andere redelik ernstig ongemaklik vir ons maak. Natuurlik is dit nie iets vreemds wat met ons gebeur nie (1 Petrus 4:12). Die kerk van die Here moet dit elke dag te wagte wees en ook daarvoor voorberei (Joh 16:33).

Die troos vandag is egter dat die Here Jesus, wat op sy ewige troon sit, regtig vir sy kerk omgee en vir sy kinders in hulle nood bystaan en optree.

**<u>S O N D A G A A N D 18:00</u>**

## God beskerm diegene wat op Sy plan vertrou

**<u>Skriflesing</u>:**
Handelinge 23:12-23

**<u>Teksvers</u>:**
Handelinge 23:16

**<u>Sing</u>**:
Ps 100:1-4
Ps 42:3,5
Sb 10-2
Ps 33:6,11

**Prediker**: Ds Christo Swanepoel

Hoofpunte:

1. Die duiwel se plan.
2. God se plan.
3. My vertroue in God se plan.

*"Maar die seun van Paulus se suster het gehoor van die plan om hom voor te lê en kaserne toe gekom en dit vir Paulus gaan vertel."*




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 46 Nr 32 26 September 2021**
Webblad: http://www.gkcenturion.co.za


## My erfenis is vir my mooi

*"Die Here is die deel van my erfenis en van my beker; Ú onderhou my lot. Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval, ja, my erfenis is vir my mooi." (Psalm 16:5-6 AFR53)*

As ons genoop word om in September na te dink oor ons erfdeel of erfenis, dan gaan dit dikwels net oor besitting van grond of goedere of geld. Dit wat ek geërf het of dalk gaan erf. My erfdeel. In Israel sou mens heel eerste dink aan die grond of die land. Elke stam van Israel het sy erfdeel gekry. Josua het dit met die lot bepaal soos die Here vir elke stam en familie sy deel gegee het. En met wat die Here gee moet mens tevrede en dankbaar wees. My erfdeel is mooi.

So ook ons. Hy gee ons die mooi land, maar ook die probleme en uitdagings wat daarmee gepaard gaan. Wat die Here gee is altyd goed en mooi. Nie altyd lekker nie. Ook die beproewinge van jou lewe en die mate van jou gesondheid. Jou lot. Hoe jou lewe uitval word immers net deur Hom bepaal.

Dawid dink egter nie net materieel nie. Daar was immers die stam van die Leviete wat geen erfdeel gekry het nie. Hulle was voltyds in diens van die Here en sy tabernakel. Ook hulle erfdeel is mooi. Dit beskryf die koning Dawid dan as hy verder dink as die stoflike en ligaamlike. Die geestelike deel is die mooiste! Natuurlik solank die Here daarvan deel is. Solank die Here deel is van jou hele bestaan.

Die vraag is dus op Erfenisdag: Is die ware Koning, die Here Jesus Christus deel van jou erfdeel. Is dit eerstens jou geestelike gawes en sy genade-beloftes wat die swaarste weeg? Is Hy deel van alles wat jy dink en doen en sê? Dan sal Hy ook deel wees van jou toekoms en wat jy daar as erfdeel gaan ontvang, nl. Die ewige lewe by God.

As jy in hierdie daardie lewe kan sê, die Here is deel van my beker, my omstandighede, nou en vir ewig, dan kan jy ook sing en bely: "Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval, ja my erfenis is vir my mooi".

Ds M

## *ALGEMENE INLIGTING*
### *EREDIENSTYE*

Meer as oorwinnaars!

Die volgende eredienste word uitgesaai op tye soos aangedui.

Afrikaanse Oggenddiens: 08:00 en 09:30

Afrikaanse Aanddiens: 18:00

| | |
|---|---|
| Telefoon: 060 696 7373 | Basdenlaan 226 |
| Epos: kerkkantoor@gkcenturion.co.za | Lyttelton |
| | 0140 |

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595

Ds Lourens Venter: 082 529 2330

---

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763.

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za.**

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins @gmail.com.

**EREDIENSTE OP CD** oudio-opname van 'n erediens: Johann Verreynne 082 554 9416

| **Kerk se bankbesonderhede:** | **Inbetalings vir die Diakonie:** | **Inbetalings vir die Susters:** |
|---|---|---|
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |

---

***Maandelikse bydraes dmv EFT***

***Verwysing:** Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*






---

## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!

Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings.



Daar is geen versorgings fasiliteite nie—Bepalings geld op persone ouer as 80 jaar.

Die eenheid wat beskikbaar is bestaan uit :

2 slaapkamers, 1½ badkamers, kombuis, eet– en sitkamer, toesluit motorhuis met privaat stoep en tuin. Beskikbaar vir okkupasie vanaf ongeveer 1 Nov 2021. Die rigprys is R830 000. U kan egter 'n aanbod van u keuse maak, waarna die bestuur die verskillende aansoeke sal oorweeg.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Lena Malan (op terrein) 083 457 7294
of Gerrit Beumer 082 572 5235

**Aansoeke sluit 27 September 2021**

## S U S T E R S

**GRENDELWINKEL**

'n Grendelwinkel word beplan vir 5 Nov. Die markdag wat beplan is, staan oor tot 2022 wanneer die Covid-beperkings nie meer geldig is nie. Meer inligting oor die Grendelwinkel sal volg.

**DROË VRUGTE**

| | | |
|---|---|---|
| Ongeskilde perskes | 500g | R45 |
| Geskilde perskes | 500g | R65 |
| Gemaalde perskes | 500g | R45 |
| Nektariens | 500g | R50 |
| Pruimedante | 500g | R50 |
| Gemengde vrugte | 500g | R50 |
| Lekkers | 500g | R40 |
| Appelringe | 250g | R40 |
| Pere | 500g | R50 |
| Vrugtevlokkies | 250g | R40 |
| Perskerolletjies | 100g | R15 |
| Peerrolletjies | 100g | R15 |

Kontak Rika Kruger 0768347774
vir bestelling en afhaal by Cliftonlaan 11




Vrydagaand, 22 Okt om 19:00
Saterdagmiddag, 23 Okt 15:00
Prys: R250,00pp
Plek : NG Kerk Elarduspark

Duetpare is: Nadia Beukes en Willem Botha; Manuel Escorcio en Zita Pretorius; Louis Loock van Romanz en Loriska Smidt; du Preez Stoltz en Charlize Berg.

Navrae: Ds Lourens Venter 082 5292 330

Bespreking en betaling van kaartjies—kerkkantoor (Di, Do, Vry tussen 09:00-11:00)

**060 696 7373**

## VAKANTE POS BY DIE KERKKANTOOR

Die kerkkantoor beskik oor 'n 2-dag per week, halfdagpos, vir 'n administratiewe beampte (Woensdae en Vrydae 09:00 tot 14:00).

Die verantwoordelikhede van die pos behels die volgende:
Algemene administratiewe- en instandhoudingstake. Die persoon is verantwoordelik vir die implementering en toepassing van die Popi Wet.

Die volgende vaardighede is 'n vereiste vir die pos:

- Kommunikasie.
- Interpersoonlike vaardighede.
- Organisering.
- Administrasie.
- Rekenaarvaardighede — Publisher, Excell, Powerpoint, Word.

Die aansoeker moet ook 'n lidmaat van die Gereformeerde Kerke wees.

Sluiting datum vir die indien van CV's is **30 September 2021** en kan gerig word aan Ellouis.

Korrekte epos is **kerkkantoor@gkcenturion.co.za.**



## *Ons gee om vir Mekaar*

"*...die Here sal my onder sy sorg neem.*" Ps 27:10

- Jetske Guldemond is in Midstream Hospitaal vir verdere toetse (A01—071 044 4837)
- Engel de Jonge het sy sleutelbeen gebreek en moet 'n paar dae in die hospitaal bly (B12—082 807 7883)
- Hennie Lee sterk tuis aan (A09—072 536 4525)
- Neels Engelbrecht Snr sterk tuis aan (A14—083 761 3757)
- Babs Grobler is opgeneem in Eugene Marais hospitaal (B16—083 537 7200)

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Geluk*

♥ Didrich en Petra Terblanché met die doop van klein Haley vanoggend.

**Eljada Huis Kosvoorraadlysie:** Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawermout, macaroni, rys, koekmeel, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruin lensies, droë ertjies, soppoeier, waspoeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse. Volledige nuusbrief met behoeftes is op kennisgewingbord.
**DRINGEND** opsoek na 1L & 2L plastiese koeldrankbottels. Petro 0793775711.
Kontak Hennie vd Vyver 0844240421

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service: Student Morkel Johl will lead the service.
Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

## KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Kerkkas

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Mukhanyo Afstand Onderrig

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie
Neem asb kennis: miv 1 Januarie 2021 is tjeks as 'n betaalmetode gestaak.

**Van der Walt huisonderhoud**—Vir enige herstelwerk, verfwerk; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dak-waterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

Sukkel jy om maandeliks jou **skuld en lopende uitgawes** te betaal? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

**Verkoop u, u huis?** U kan my aanstel as u oordrag prokureur. Onthou dit is die verkoper se keuse. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Is jou huis in die mark of soek jy 'n nuwe huis?** Ek het baie kopers wat in Centurion wil koop. Jaco Wattel Veritas eiendomme 082 854 1430.

**Liewe Tiener**, Ek wil graag help om jou selfvertoue te verbeter met jou **Handelsvakke**: Rekeningkunde, Ekonomie en Besigheidstudies. Ek het ervaring in Nasionale senior sertifikaat, IEB en Cambridge. Gaan kyk asb na my web: tauwi.co.za (Tutoring as you want it). Ons kan aanlyn werk of aan huis. Carina vd Dussen 082 374 2780.

**Musieklesse vir oud en jonk**. Klavier, Viool, Ghitaar, Tromme, Blokfluit, Colourstrings Kindergarten, Musiek Teorie. Mariki Lessing (079 796 8563).

Elgin is finale jaar LLB by Wits en opsoek na 'n posisie vir volgende jaar. Ek kan van hom getuig. Carina van der Dussen 082 374 2780.

**Gesoek huis om te huur** - Centurion/Pretoria area. Vrystaande huis: 3 sk en 2mh vir spasie waar Jan sy kombuiskaste kan maak, geen swembad. Prys tussen R10- R12 000. Jan 0794554580 of Charvette Reesink 0823194172.

**The Reformed Church Tshwane** is planning a conference for parents on **16 October 2021**. The aim of the conference is to help parents think about what it means to raise children in the training and instruction of the Lord (Ephesians 6:4). This is likely to be something of interest to parents in other churches.

For more information: https://reformedchurchtshwane.co.za/parenting-Gods-way/

## Die Skep-Hoop-Fonds

Die Skep Hoop Fonds is aan die begin van Covid pandemie geskep om uitsluitlik mense in ons gemeente by te staan wat as gevolg van die pandemie finansiële nood het.

Sedert die fonds geskep is, is 'n bedrag van R614,584 ontvang waarvan R398,596 reeds uitbetaal is aan gemeentelede in nood.

Ons wil elke lidmaat wat bygedra het tot die fonds bedank. Ons versoek dat u sal aanhou bydra aangesien die gevolge van die Covid pandemie steeds diep sny en daar heelwat mense is wat swaarkry.

Kontak asseblief u ouderling, diaken, predikant of die diakoniebestuur vir verdere inligting of indien u hulp nodig het.

Marius Gerber 082 327 2949
Rudy Kruger 082 466 6035
Petra Swanepoel 082 92 77324
Theuns Louw 082 815 4275
Drikus van der Walt 060 569 2608

Die Senior Aksie vergader DV weer op Maandag 11 Oktober 2021 om 10:00 in die Kerksaal.

Ds Gerrit Kruger gaan met ons kom praat oor Orgaanskenking en 'n Bybelse perspektief gee.

Almal is welkom en julle kan julle vrae saambring!

### Kwiltuitstalling

'n Kwiltuitstalling vind by die Voortrekkermonument plaas vanaf 4 – 8 Oktober 2021 vanaf 09:00 tot 15:00 elke dag. Die uitstalling is gratis, maar normale hekfooie word gehef vir toegang tot die Monument. Werke word uitgestal wat gedurende die inperking vanaf Maart 2020 tot onlangs gemaak is. Almal welkom!



# VERJAARSDAE

### BELYDENDE LIDMATE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 26-Sep | Andre | Pretorius | A12 | 27829554322 |
| 27-Sep | Wim | Prinsloo | C13 | 27825702036 |
| | Annemie | van Rooy | C04 | 27828205856 |
| | Albert | Venter | A03 | 27728445325 |
| 29-Sep | Gerhard | du Plessis | A14 | 6541437 |
| | Magdaleen | du Plessis | B10 | 27723281849 |
| | Jeanette | Potgieter | B19 | 27827722615 |
| | Elize | Stavast | B16 | 27829220122 |
| 30-Sep | Hannelie | Grobler | B18 | 27765659827 |
| | Angelique | Jv Rensburg | A04 | 27824920545 |
| | Magda | Venter | B10 | 27847754700 |
| | Willie | Zaayman | C10 | 27793877357 |
| 1 Okt | Pieter | Smit | B13 | 27826701834 |
| | Elma | Smith | A10 | 27836986793 |
| | Leandre | Struwig | C13 | 27727753322 |
| | Marie | vd Walt | A07 | 27827219813 |
| | Annetjie | v Niekerk | C15 | 27729977909 |
| 2 Okt | Le-Juan | Delport | B17 | 27722481474 |

### DOOPLIDMATE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 27-Sep | Herman | Delport | B17 | 27722481474 |
| | Michell | Wakeford | C07 | 27824500923 |
| 1 Okt | Stefanus | van Staden | A15 | 27761067724 |
| | Ruzell | Vorster | A16 | 27824512001 |

## Erediensbywoning

Met die verandering van vlak 3 na vlak 2 in die Covid pandemie, het die kerkraad dit goedgekeur om die eredienste almal oop te maak vir bywoning deur lidmate. Die besluit is gebaseer op die bywoning statistiek van die afgelope 18 maande waar bywoning nie meer as 50% van uitgenooide lidmate oorskry nie. Indien ons in ag neem dat volgens die nuwe beperkings ons 250 mense in die kerk en 250 in die saal kan akkommodeer is die kerkraad van mening dat ons nooit meer as tussen 250-350 mense sal kry wat die erediens bywoon nie. Dus kan ons nog steeds dit veilig doen met genoeg afstand tussen mense, asook die nodige sanitering en dra van maskers om jouself en ander te beskerm. Indien u op enige stadium ongemaklik voel oor die getalle, voel gerus vry om in die kerk of saal rond te skuif.

Dankie vir u verstaan en geduld. Ons glo die Here sal ons op die regte tyd weer almal sonder enige beperkinge saambring om Hom te loof en prys as Centurion Gemeente.

Die Gereformeerde Kerk Centurion
nooi u hartlik uit na ons

# PSALMFEES

kom sing saam in die kerk gebou soos regulasies dit toelaat DV

**Sondag 31 Okt 21**

**15:00 – 17:00**

of by die huis met jou groepie mense en volg aanlyn - sien gkcenturion.co.za vir die link

**TEMA: SOLI DEO GLORIA**

## Evangelisasie Naweek!!

**Saterdag 30 Oktober van 15:00 to 20:00**
**Sondag 31 Oktober – Evangelisasie Eredienste**
*Ete kaartjies Beskikbaar*

Kom kuier saam met die gemeente rondom die tema van Evangelisasie

**Saterdag 30 Okt – namiddag en aand**

15:00 – 17:00 – Aankoms, kuier en eet
17:00 – 18:00 – Aanbieding (Harvesters)
18:00 – 19:00 – Kom kyk waarmee GK Centurion besig is!!
19:00 – 20:00 – Aanbieding (Prof Naas Ferreira)

**Sondag 31 Okt – Oggenddienste – Prof Naas Ferreira**






## Evangelisasie Naweek!!

**Saterdag 30 Oktober van 15:00 tot 20:00**
**Sondag 31 Oktober – Erediens – Prof Naas Ferreira**
*Kos vir Saterdagaand word gereel en kaartjies sal verkoop word*

Kom kyk Waarmee GK Centurion besig is!!

**Kom kuier saam met die gemeente rondom die tema van Evangelisasie**

**Ons kyk na die werksaamhede binne die GK Centurion, die breë GK verband en ook internasionale Evangelisasie aksies**

**Prof Naas Ferreira vertel ons meer wat die GKSA doen en Francois Rauch van Harversters Ministries gesels oor "Die triomf van die evangelie wêreldwyd"**

**Kom besoek ons stalletjies van die aksies binne die kerk en kom kyk waar jy betrokke kan raak**

